**Skriflesing: Romeine 12 vers 1 en 9 tot 21**
**Tema: Vrygemaak…. Daarom het ons lief**

Omgee, liefhê, barmhartigheid bewys, versorg, troos en help was nog altyd deel van die DNA van Christenwees.

**Waarom het ons lief?**
Die Rooms-Katolieke Kerk het in die tyd van die Hervorming moeite gedoen met die armes. Die sestiende eeu was die tyd van ryk landhere en arm bywoners. Gebeure soos natuurrampe, plae en oorloë het 'n groot gros mense op die rand van die samelewing gelaat. Hulle was afhanklik van aalmoese. Die gee van aalmoese was diep ingebed in kerkwees. Maar agter hierdie aalmoese was daar 'n spesifieke beweegrede. Die Rooms-Katolieke Kerk het geleer dat gee van aalmoese meewerk tot jou redding. Jy sal daarvoor beloon word. Deur 'n bedelaar te help, kan jy punte vir die hemel verwerf.

Die Hervormers het teruggegaan na die Bybel en opnuut ontdek dat dit nie so werk nie. Luther het geleer dat alle goeie dinge uit Christus in ons ingevloei het, sodat dit weer uit ons na dié kan vloei wat dit nodig het. Hy het 'n gemeenskapskas ingestel om mense in nood te help. Bedelary is nie as 'n gegewe aanvaar nie. Mense is aangemoedig om te werk. Slegs die wat nie na hulself kon kyk nie, is gehelp. Rentevrye lenings is gegee aan mense van arm afkoms wat ambagte wou beoefen. Moeite is gedoen om die arm kinders skool toe te stuur.

Dit bring ons terug na die vraag waarom ons liefhet. Die antwoord word ontsluit in Romeine 12 vers 1: "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen." Op grond van die groot liefde van God deur Jesus Christus, gee ek my lewe aan Hom oor. En wanneer ek oorgee, vloei sy liefde deur my na die wêreld. Omdat God ons eerste liefgehad het, daarom het ons lief met die liefde van Romeine 12:9. Dit is 'n liefde wat nie 'n masker dra nie, 'n liefde wat in die sterkste moontlike taal verafsku wat sleg is en vasgegom is aan wat goed is. Sonder hierdie Christus liefde is ons as kerk nie relevant nie.

**Vir wie moet ons, volgens die 12 verse wat ons gelees het, só liefhê?**
**Ons het die die Here lief (Rom 12 vers 11-12)**
Ek verslap nie in my toewyding nie. Ek bly driftig in die Gees. Ek "kook" vir die Here, met ander woorde, ek doen alles van harte en met oorgawe vir die Here en nie vir mense nie.

Kyk hoe volg die stellings in Romeine 12 vers 11 op mekaar. Ek verbly my in die hoop. Ek is 'n mens met 'n toekomsverwagting. Ek sien met blydskap en opgewondenheid uit na die dag waarop die Here sal kom en alles nuut kom maak. Omdat ek hierdie hoop het, kan ek vasstaan in verdrukking. En verdrukking maak dat ek bid sonder ophou.
**Ons het alle mense lief (Rom 12 vers 17-18)**
Ek is goedgesind teenoor alle mense. Ek laat mense belangrik voel.

Die vrede van Christus vloei uit my uit na alle mense. Ek leef in vrede met alle mense. Indien hulle nie in vrede wil leef nie, kan ek nie hierdie keuse namens hulle maak nie.

**Ons het medegelowiges lief (Rom 12 vers 10, 13, 15-16)**

Ek leef hartlike broeder- of susterliefde uit. Ek weet dat my broer en suster in Christus na die beeld van Christus geskape is. Ons is saam deel van die liggaam van Christus en saam oppad hemel toe. Daarom het ons mekaar lief en is ons daarin vir mekaar 'n voorbeeld.

Maar ons kan nie net maak of ons mekaar liefhet nie. Dit is nie genoeg as ons net vriendelik met mekaar is en mekaar nie seermaak nie. Die Here se liefde in en deur my gaan oor tot dade van omgee. Dit kos my tyd, geld en veral myself. Ek help mede-gelowiges in nood en lê my toe toe op gasvryheid. Ek reik uit. Ek gee mense onderdak, trek vreemdelinge in my vriendekring in en gee hulle 'n geestelike tuiste.

Ek is bly saam met dié wat bly is en ek treur saam met dié wat treur. 'n Mooi voorbeeld hiervan is Job se 3 vriende. Wanneer hulle by hom opdaag nadat hy alles verloor het, huil hulle hardop, hulle skeur hulle klere en gooi stof in die lug en op hulle koppe. Vir 7 dae en nagte sit hulle net in stilte by hom. Dit is eers wanneer hulle begin praat dat hulle droogmaak. Ek dink nie dat ek beter as ander mense is nie. Dit gaan vir my om Christus en nie my belang en eer nie. Ek dink nie ek weet alles nie. Ek is nederig. In die "Message" vertaling staan so mooi: "Make friends with the nobodies, don't be the great somebody."

Baie van ons se liefde stop hier. Maar die Here se liefde vloei nie net na medegelowiges nie. Sy liefde is nie ons as kerk se privaatbesit nie. Soos Hy, moet ons dit gaan uitstort in die wêreld.

**Ons het ons vyande lief (Rom 12 vers 14 en 19-21)**
Ons seën ons vervolgers. Ons bid dat God Sy goedheid in hul lewens sal uitstort, soos Hy dit met ons gedoen het. Ons bid vir verkragters, moordenaars en hulle wat bedrog pleeg. Dit is mense by wie Jesus baie tyd deurgebring het. Hy het Sy lewe ook vir hulle gegee.

Kinders van die Here is soos Hy. Ons vergeld nie kwaad met kwaad nie. Ons neem nie self wraak nie, ons laat die oordeel aan God oor, Hy sal straf en vergeld. As ons vyand honger is, tree ons anders as die ongelowige wêreld op. Ons gee hulle iets om te eet. As jou vyand dors is, tree ek anders as die ongelowige wêreld op, ek gee hom/haar iets om te drink. Nie net sal so 'n optrede hulle verskriklik skaam maak nie, dit sal hulle dalk ook laat wonder oor die Oorsprong van my liefde.
Ek doen wat God vra, ek oorwin die kwaad deur die liefde. Dit maak nie van my 'n vloermat nie. Dit maak van my God se hysbak wat mense oplig in Sy teenwoordigheid. Dit is maklik om oor hierdie liefde te preek. Dit is vir ons onmoontlik om dit self te leef. Dit begin wanneer ons daagliks doen dit wat in Romeine 12 vers 1 staan. Dan kan die goeie dinge uit Christus in my invloei, sodat dit weer uit my na dié kan vloei wat dit nodig het.

'n Bekende Nederlandse professor, J H Bavinck, vertel dat hy eenkeer die inwyding van 'n kerk bygewoon het. Op die vensters van die kerk was die drie-eenheid van die Christelike lewe geskryf: geloof, hoop en liefde. Aan die binnekant van die kerk was dit die volgorde, maar as jy aan die buitekant van die kerk gestaan het, het jy dit in die teenoorgestelde volgorde gelees. So, het die prof gesê, is dit in die regte lewe. Binne die kerk is die orde dat ons moet glo. Dit lei tot hoop en dade van liefde. Buite die kerk is die orde omgekeerd: ons moet liefde betoon. Dit lei tot hoop en geloof by mense.
**Amen**